## ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

3 Oktober 2013

Dagsê Almal

Ek skryf vanoggend met ‘n hart wat jubel en juig. Ons markdag is oor ‘n maand en die energie waarmee ons werk is borrelend. Almal was bevrees dat ons niks gedoen gaan kry nie maar die Here was weereens so getrou om die meetsnoere in plek te laat val. Ons gaan weer ‘n dag aan die Here toewy op 2 November vir dit wat ons so mildadig hier ontvang. Moet dit nie misloop nie. Dit begin 09:00 by die GK Rietvallei se perseel.

Die afgelope twee weke het ook weereens sy eie probleme en vreugdes gebring. ‘n Jong vrou wat haarself net nie kan losmaak van die gebruik van “cat” nie en vir wie ek die deur moes wys terwyl daar 3 klein kindertjies is wat daaronder lei. ‘n Jong meisie van 19 wat reeds saambly en skuldig voel maar nie uit die omstandighede kan kom nie.

Vreugde vir ‘n Tanya wat nie net verkies is as leier nie maar ook as “hoofdogter” of voorsitster soos hulle deesdae genoem word. Ons is so trots op haar. Haar geloof het beslis ‘n groot rol in hierdie sukses gespeel en ons dank ons Skepper daarvoor.

Soggens word hier met oorgawe die berymde Onse Vader gesing na bybellees en die huis weergalm van die mooi stemme. Dit is werklik vir my ‘n kosbare voorreg om deel hiervan te wees.

Ons blaps met die oggend tee by Rietvallei het ons heerlik laat skater. Van Donderdag af was dit omtrent soos voorbereiding vir ‘n huweliksonthaal en ons almal se dogters trou of so-iets. Die hare word gesny en geskik, Heila van Avroy was hier om “facials” te doen – baie dankie Heila – naels en hande word versorg. Saterdag kom almal hier aan en lyk so “spiffy” ek het net eenkant gaan staan en ‘n traan weggepik. Vir hierdie dames was dit werklik asof hulle ‘n huweliksonthaal gaan bywoon en ons het almal terugekom en soos splinternuwe mense gevoel. Die gasspreekster was uitmuntend en ten spyte van die sout i.p.v. suiker wat ons op die tafel gehad het was dit vir ons baie spesiaal. Ek sien nog hoe Petro die oggend die houertjie met die “suiker” in Corlia se hande druk en sê pak in en later Fransie se gesig toe sy ‘n lekker koppie tee maak met ‘n teelepel van die “suiker” en dit byna uitspoeg met ‘n verontwaardige “maar dis dan sout” gesig. Petro wou dat die aarde haar insluk maar die kosbaarste was Jenny wat aan my mou pluk en sê “Ek het R10 by my, waar is die naaste kafee”. Ek is maar ‘n gebore bedelaar en het gou rondgeloop en gevra vir bietjie suiker hier en daar en dankie vir julle wat gehelp het daarmee, ook aan elkeen wat dit vir ons moontlik gemaak het om hierdie dag so spesiaal te kon beleef. Wilma baie dankie ook vir die geskenkies.

Eljada Huis groete

Annatjie

---

‘n Kort lysie van dringende behoeftes:

- Eljada Huis kombuis – ketel, tuinstoele en voedselverwerker/menger, waaiers
- Jenny – strykplank en koningingrote duvetinner
- Ivon – Strykplank, waaier en yskas
- Sonja – blikoopmaker, waaier, strykyster en yskas
- Bernadine – enkelbed
- Margaret – Strykyster, strykplank, enkelbed, yskas en broodrooster
- Marie – sitkamerstel, los stoele vir kom buistafel, los matte, yskas en broodrooster
- Hettie – Strykyster, strykplank, ketel, yskas en enkelbed matras

---

Ons KOSNOOD is;

- AANMAAK KOELDRANK
- KOS – Blikkies vleis, vis en groente, soja, rys, macaroni en spaghetti, koffie, tee, boksmelk, suiker, broodsmere soos mar garien, konfyt, stroop, grondboontjie botter, bovril, kookolie, kitsontbytkos en eiers.
- KONTANT – R50 per maand.
- Toiletware – alle

---

**Bankbesonderhede**

**Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001**